



Tata kom huis toe

Hierdie boek behoort aan





toet!

wrrroem

Bieep!

wrrroem

Brrroem



Bieep!

Brrroem

wrrroem

toet!

em



bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Tata kom huis toe

(Tata comes home)

Illustrated by Heleen Steyn van der Merwe

Written by Sewela Langeni

Designed by Tammy Adendorff

Translated by Anita van Zyl

with the help of the Book Dash participants in Johannesburg on 17 August 2024.

ISBN: 978-0-948602-22-1

Typeset in Belanosima and Quicksand

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.





Tata kom huis toe



Sewela Langeni

Heleen Steyn van der Merwe


Tammy Adendorff







Elke Vrydag ná skool leun
Daluxolo met sy arms op die
tuinhekkie en **wag...**





Sy maats roep hom gedurig om op
die stowwerige veld onder in die straat
saam met hulle te kom sokker speel.
Hy sê elke keer nee.

Daaali!












Dis omdat 'n baie spesiale
persoon op pad is. Elke naweek ...


**kom Tata
huis toe.**








Dali rek sy nek om die hoofstraat te
kan sien, en wag gretig vir die oomblik
wanneer Tata se wit VW Kewer
by hulle straat indraai.






Sodra die kar om die hoek kom, hardloop
Dali nader sodat hy die res van die pad
saam met Tata kan
huis toe ry.





Biep!
Bieep!





“Hallo, Dali my seun,”

roep Tata opgewonde
wanneer hy die
kardeur oopmaak.

“Klim in!”







Wanneer Tata by die
huis is, het hy en Dali
altyd soveel pret saam.





Eers eet hulle hul
gunstelingkos wat
Mama maak –

**pap en wors
met sous.**







Saterdagoggend gaan draf hulle 'n
entjie deur die woonbuurt.







Dan, ná middagete,
leer Tata vir Dali
kaart speel.






Later die middag geniet Dali dit om te sit
en kyk hoe Tata sy skoene blink poets
terwyl hy na sy gunstelingliedjies oor die
radio luister en lustig saam fluit.







”



Sondag is 'n hartseer dag. Dan
moet hulle weer tot siens sê, want
Tata moet teruggaan werk toe.









Maar Dali bly nie lank hartseer nie,
want hy weet, elke Vrydag ...

kom Tata huis toe.



toet!

wrrroem

Bieep!

wrrroem

Brrroem



Bieep!

Brrroem

wrrroem

toet!

em

